| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTE TOTAAL** | 80 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 2½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 19 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Die vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:

   **AFDELING A**: Gedigte (30)
   **AFDELING B**: Roman (25)
   **AFDELING C**: Drama (25)

3. Beantwoord **VYF** vrae in totaal: **DRIE** uit AFDELING A, **EEN** uit AFDELING B en **EEN** uit AFDELING C. **OEFEN JOU KEUSES SOOS VOLG UIT**:

   **AFDELING A**: GEDIGTE
   GESIENE GEDIGTE – Beantwoord TWEE vrae.
   ONGESIENE GEDIG – VERPLIGTE vraag.
   **AFDELING B**: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.
   **AFDELING C**: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

4. **KEUSE VAN VRAE VIR AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)**
   Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die literêre opstel in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou met die korrekte keuse te help. Omkring die vrae wat jy beantwoord op die voorblad van jou antwoordboek.

5. **LENGTE VAN ANTWOORDE**
   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord die vrae direk.

6. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel van hierdie vraestel.

8. Beantwoord **ELKE** afdeling op ’n **NUWE BLADSY**.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   **AFDELING A**: ongeveer 40 minute
   **AFDELING B**: ongeveer 55 minute
   **AFDELING C**: ongeveer 55 minute

10. Skryf netjies en leesbaar in **BLOU** ink.

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees:

**AFDELING A: GEDIGTE**
**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Gestorwe planeet | Opstelvraag | 10 | 5 |
| | | | | |
| 2. | Niks is waarna dit lyk nie | Kontekstuele vraag | 10 | 6 |
| | | | | |
| 3. | Mercedesrit in die aand | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| | | | | |
| 4. | Boggomsbaai-*blues* | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |

**EN**

**Ongesiene gedig: VERPLIGTE vraag**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5. | Virtual Reality | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |

**AFDELING B: ROMAN**
**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6. | Skoenlapper | Opstelvraag | 25 | 10 |
| | | | | |
| 7. | Skoenlapper | Kontekstuele vraag | 25 | 10 |

**AFDELING C: DRAMA**
**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 8. | Mis | Opstelvraag | 25 | 14 |
| | | | | |
| 9. | Mis | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |
| | | | | |

***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| | AFDELING | VRAAGNOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK √ |
|---|---|---|---|---|
| A: | Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1 – 4 | 2 | |
| A: | Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: | Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6 – 7 | 1 | |
| C: | Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 8 – 9 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG IN AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

# AFDELING A: GEDIGTE

**VOORGESKREWE GEDIGTE**
Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

**VRAAG 1: OPSTELVRAAG**
Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Gestorwe planeet – Eveleen Castelyn**

Aerosolkannetjies pons gaatjies
in die dun osoondoek rondom
die aarde gespan –
toe smelt die pole,
seevlakke styg, uitgelate
gifgasse klim van onder
tot bo in die Hemel
en die Here alleen weet
wat het geword van die groen
gordels reënwoude
wat Hy geplant het.

Stofgepoeierde karkasse draf
oor die ver verlate vlaktes,
in die skoot van die skatkamers
edelgesteentes en minerale
rus dromme kernkragafval
TOT IN DOOMSDAY
Tjernobil en Three Mile Island
se halfleeftyd-uitstraling!

Menslike faeces in die bergstrome:
riviere mond uit in 'n riool-
oseaan, perdjies met blink
gekamde olieswart kuiwe
en skuimende rasende bekke
slaan dood neer, gevrekte visse
en voëls soos skulpe uitgespoel
op die strande, sing die swanesang
van 'n verlore paradys – gestorwe
planeet gemaak
met mensehande!

*[Uit: Groen: Gedigte oor die omgewing, 1990]*

Skryf 'n literêre opstel van 200 tot 250 woorde, waarin jy aandui hoe die spreker verskeie digterlike aspekte gebruik om die mens se nadelige invloed op die aarde uit te wys. Verwys na VIER of meer digterlike aspekte soos onder andere personifikasie, alliterasie,

teenstelling, interteks, eufemisme, vergelyking en metafoor.

**OF**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Niks is waarna dit lyk nie – Johan Myburg**

Ek ry deur sagte suurveld
vlak voor Stutterheim, verlustig my
aan plomp skape wat soos in Bach
se skaapkoraal rustig wei

in heuwels gras. Die veld is egalig groen
en wuif gifgeel plate
voorjaarblomme. Alles dui,
bo alle twyfel, op ’n uitermate

goeie jaar. By die afklim vir ’n foto
van dié idilliese toneel lyk
gras geler, minder geil,
meer pollerig en oorbewei, blyk

skape vrotpoterig kruppel
met klitsgras vasgewoel in wol;
lê half verskuil in gras die halfgevrete
karkas van ’n skaap, vol

vretende organismes. Hand oor die neus
vlieg ek om, hoor ’n gesis
en trap ’n adder wat verraderlik bruin
in die voetpad pof net-net mis.

*[Uit: Kamermusiek, 2008]*

2.1 Wie is die spreker in hierdie gedig? (1)

2.2 Wat word ’n strofe wat uit vier versreëls bestaan, genoem? (1)

2.3 Verduidelik wat intertekstualiteit is en noem die interteks in strofe 1. (2)

2.4 Verklaar die ironiese wending in hierdie gedig volledig. (1)

2.5 Hierdie gedig word baie sterk klankmatig deur halfrym ondersteun.
Verklaar die funksie van onderskeidelik die a-assonansie in versreëls 19 en die g-alliterasie in versreël 11. (2)

2.6 Beskryf die oorheersende stemming in die laaste drie strofes. Lewer ook kommentaar op die tegniek wat die spreker gebruik om dié stemming te skep. (3)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Mercedesrit in die aand – Willem Krog**

Sit hulle met monde moeg gesluit
yl langs sy enkel weerkaatsing in die ruit
die executives van die stad wat huis toe gaan

Skaduweekinders gly verby
stukkende bedelvaandels wapper wanhopig
in die swartpad op soek na kos en kleed

Die vaartuig blink in ster geklink
sagte leer omhul die stuurman aan die wiel
betaal uit opbrengs van die slawemaal

Yl langs sy enkel weerkaatsing in die
ruit sit hulle met monde moeg gesluit
die executives van die stad wat huis toe gaan

*[Uit: Assignaat, 2014]*

3.1 Op watter interteks is hierdie gedig geskoei? (1)

3.2 Wat word 'n driereëlige strofe genoem? (1)

3.3 Herlees strofe 2 en 3.
Beskryf in watter opsig strofe 2 en 3 kontrasteer en verduidelik waarom die sterbeeld (r. 7) in strofe 3 geslaagd is. (2)

© SACAI KOPIEREG 

3.4 Lees versreël 1 en versreël 11.
Benoem en bespreek die funksie van die stylfiguur en die halfrym respektiewelik wat in hierdie versreëls voorkom. (4)

3.5 Wat is die tema van die gedig? Watter boodskap dra hierdie gedig aan jou as die leser, oor? (2)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Boggomsbaai-*blues* – Pirow Bekker**

Bog met die *blues*, dis agter die duin:
almal ry hier op die golwe se kruin.

Niemand skree boggom oor ’n donker jas,
hier sing jy ’n ding tot dit jou pas.

Eintlik is die dood jou beste pel:
bly jou lewe lank jou metgesel.

Waar jy ook al gaan, hy bly by jou,
druk op sy nommer en hy’s gou soos nou.

Jy kan maar aanjaag, hy’s daarvoor gebou.
Raak jy dalk eensaam, hy is daar vir jou.

Die beste nog: vergeet maar die gekwel:
verstoot sal hy jou nooit, sy hart is ’n hotel.

*[Uit: Stillerlewe, 2002]*

4.1 Dui die halfrym in die titel van die gedig aan en verduidelik hoe dié klankgebruik ironies is as die woord *blues* in ag geneem word. (2)

4.2 Verduidelik hoekom die eerste woord in die gedig so effektief is. (1)

4.3 Benoem die soort strofes wat in die gedig voorkom sowel as die rympatroon wat gevolg word. Verduidelik hoe hiérdie soort strofe en rympatroon aansluit by die tema van die gedig. (3)

4.4 Bespreek die funksie van die laaste dubbelpunt in die slotstrofe. Verduidelik ook die metafoor in die versreël ná die dubbelpunt. (2)

4.5 Stem jy saam met die spreker se lewensfilosofie? Verduidelik jou antwoord met TWEE gemotiveerde feite of menings. (2)

**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Virtual Reality – George Weideman**

Ons is nie verdryf nie
ons het dit afgesweer:
die lowerlushof van weleer
word deur ’n gerub* met ’n gasmasker
en ’n randsnyer beheer.
Spraak het nie verdwyn nie
ons het dit bloot verleer:
die storievertellers floreer
nou op ’n elektroniese,
kosmieser manier.
Selde kyk ons buitentoe
waar mossies tussen blare speel.
Die vensters van die rekenaar
bied uitsig op ’n binnestad
waarna ons gehipnotiseer
en volkome onversadig staar.

*[Uit: ’n Staning onder sterre, 1997] *gerub: gevleuelde hemelse wese in rang net onder ’n seraf*

5.1 Die gedig is ’n voorbeeld van vrye vers. Gee ’n rede wat die stelling bewys. (1)

5.2 Waarom gebruik die digter die Engelse rekenaarterm as titel van die gedig? (1)

5.3 Wat bedoel die spreker met die woorde in reëls 8 – 10? Noem EEN platform wat deur hedendaagse storievertellers gebruik word. (2)

5.4 Hoekom voel die spreker nie positief oor die virtuele werklikheid nie? Noem TWEE redes. (2)

5.5 Benoem die stylfiguur wat in reël 11 voorkom en motiveer waarom die stylfiguur hier funksioneel is. (2)

5.6 Watter woord uit die gedig dui aan dat die mens volkome in die virtuele

werklikheid vasgevang word? (1)

5.7 Stem jy saam met die spreker se hoofgedagte in die laaste reël van die gedig, naamlik dat die virtuele werklikheid die mens nie bevredig nie? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

# AFDELING B: ROMAN

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL**
***SKOENLAPPER* – Irma Venter**

Elke karakter in ’n roman se opmerkings en gedagtes dra by tot die karakterisering van hulleself asook die ander karakters.
Bespreek in ’n opstel van 400 tot 450 woorde hoe die ander karakters in *Skoenlapper* tot Ranna se karakterisering bydra.

**[25]**

**OF**

**VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG**

***SKOENLAPPER* – Irma Venter**

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS A**

"Jy moet versigtig wees vir Hamisi. Kan jy nie sien hy probeer ons uitmekaardryf nie?"

"Antwoord die vraag. Wat was jy en Billy van mekaar?"

Sy vryf met haar gesonde hand oor haar mond. Druk haar hare agter haar oor in. Maak haar oë toe. Oop. "Ons het bymekaar geslaap. Seker vir ’n paar weke of so. Niks meer nie."

"Wanneer?"

"Net voor ons.”

"En hoekom toe skielik ek?"

"Ek was afleiding vir hom. Iets om te doen terwyl hy hier was, weg van almal by die huis."

Haar mondhoeke rem af. "Ek het eers gedink dit sal genoeg wees, maar dit was nie. Ek het besef ek wil nie iemand se afleiding wees nie. Ek wil aan die ander kant van regte liefde staan. Jy weet, daai ding wat jou asem wegslaan. Die soort wat jou seermaak en bly maak tegelyk. Mal maak. Soos toe ek jou ontmoet het. Dit het so skielik gebeur, ek het nie geweet wat om daarmee te doen nie."

My hart, daardie ding wat my in die eerste plek in hierdie gemors gekry het, kan homself nie help nie. Dit roep my begrip eenkant toe en sê ek moet ophou, dis tog al wat ek wou weet.

Maar steeds hou ek aan. "En toe?"

"Toe sê ek vir Billy."

"En?"

"En wat?"

"Was hy kwaad?"

Tenk, my eerste redakteur, se woorde weerklink in my kop: *Jy vra net ’n leidende vraag as jy ’n baie spesifieke antwoord soek. ’n Sound bite. ’n Aanhaling. ’n Paar gerieflike woorde.*

Sy staar na die bloed op die lap. Draai dit nog stywer vas.

7.1 Wie is *Hamisi* van wie hulle in reël 1 praat en hoe probeer hy, volgens Ranna, vir haar en Alex uitmekaardryf? Is Ranna se woorde in reëls 1 – 2 logies? Verduidelik jou antwoord. (3)

7.2 Hoekom word daar in hierdie uittreksel spesifiek oor Billy gepraat? (1)

7.3 Wat suggereer Ranna se handeling in reël 4 – 5? Gee ’n rede hoekom Ranna so optree en bespreek hoe hierdie houding by Ranna se karakter pas. (3)

7.4 Lees reëls 19 – 21.
Na watter *gemors* verwys Alex en waarmee wil Alex se hart hê moet hy ophou? Waarom dink jy kan sy hart *homself nie help nie*? (3)

7.5 Lees reël 28.
Watter spesifieke antwoord probeer Alex uit Ranna kry? Verduidelik hoe hierdie vraag wat hy vir Ranna vra tot Alex se innerlike konflik bydra. (2)

7.6 Ranna het seergekry en bloei (r. 30). Waar het Alex haar VOOR hierdie gesprek ook gesien bloei? Wie dink jy het daardie situasie veroorsaak? Gee 'n verduideliking vir jou antwoord. (2)

**EN**

**TEKS B**

Ek dink terug aan die aand van die brand. Ná al die jare is dit steeds maklik om te doen. Ek maak my oë toe en alles doem weer voor my op. Die rook. Die vlamme. Die angs van die vasgekeerde kinders. Die groot mans met hul suurstofmaskers wat herhaaldelik naderstorm om net nog een kind te red. Ná die tyd het ek hulle name gevra vir die foto-onderskrifte.

Goed dan, die onderskrifte. Ek begin by die eerste foto, van twee mans met 'n kind in elke arm. "Daar was 'n Teasdale. Ek dink Kennedy." Die mans by die groot rooi brandweerwa. "Peters. Kelly." Die een wat seergekry het ...

Ek kyk verbaas na Tom. "Onmoontlik."

"Moenie maak asof jy nie onthou nie. Jy vergeet mos niks nie."

"Elliot Masterson?"

"Korrek. My pa was die brandweerman wat sy werk oor jou foto's verloor het."

"Wat bedoel jy? Hulle was almal helde!"

Sy gesig vertrek van woede. "Dis jou arrogansie wat my so mal maak. <u>Van jou foto's wys dat my pa iets doen wat hy nóóit sou doen nie</u>. Jý het iets aan daardie foto's gedoen. Jy't dit gemanipuleer sodat dit anders lyk. Dit meer sensasioneel gemaak sodat jy jou groot prys kon wen!"

"Ek het niks aan enige foto's verander nie."

"My pa het sewe vingers in daardie brand verloor. Hy was 'n held."

"Dis wat ek sê."

7.7 Na watter gebeurtenis verwys Ranna in reëls 1 – 5 en om watter rede dink Ranna juis nou aan dié gebeurtenis? (2)

7.8 Bespreek die funksie van die ellips aan die einde van reël 10. (1)

7.9 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord.
*Tom toon min karakterontwikkeling deur die verloop van die drama.* (1)

7.10 Verduidelik die onderstreepte sin in reëls 18 – 19 volledig. (2)

7.11 ’n Reeksmoordenaars het gewoonlik 'n spesifieke kenteken wat hy / sy op 'n moordtoneel laat as 'n teken dat die moorde deur hom / haar gepleeg is Bespreek hoekom Tom as ’n reeksmoordenaar geklassifiseer kan word, asook hoekom sy persoonlike kenteken gepas is, na aanleiding van wat ons van Tom weet. (3)

7.12 Dink terug aan Alex, Ranna en Tom. Watter EEN van hulle voel jy verdien ‘n tweede kans in die lewe? Verskaf TWEE oorredende motiverings vir jou antwoord. (2)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: [25]**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL**
***MIS* – Reza de Wet**

*Die mismotief is 'n kernmotief in die drama.*
Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde deur aan die verskillende betekenismoontlikhede van "mis" aandag te gee.

**[25]**

**OF**

**VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG**

***MIS* – Reza de Wet**

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS A**

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | *(kil)* Ek het al te veel gesê. Kom ons laat dit daar. *(Klap sy hande saam)* Nou wel, as u dan die saak oopge-vlek het, is dit seker waarom ek hier is. Miskien koester die persoon ... of persone ... |
| GERTIE: | Ag nee, Konstabel! Is daar dan meer as een? |
| KONSTABEL: | 'n Mens weet nooit. Enigiets is moontlik. |
| MIEM: | Ja, dit is waar. *(Aan MEISIE)* Vir wat staan jy by die venster? Kom sit en maak jou sak klaar. |
| MEISIE: | Ja, Ma. |
| | *MEISIE gaan sit en werk verder.* |
| MIEM: | Verskoon tog, Konstabel. Wat wou u sê? Van die persone of persoon? |
| KONSTABEL: | Ek was besig om te sê hy ... |
| GERTIE: | Of hulle! |
| KONSTABEL: | Net so, Juffrou. Of húlle koester dalk 'n wrok teen u en die juffrou hier. |
| MIEM: | Hoe aaklig. |
| GERTIE: | Verskriklik! |
| KONSTABEL: | Wil u miskien selfs van die gras af maak! |
| | *MIEM, MEISIE en GERTIE maak gelyktydig angsgeluide.* |
| KONSTABEL: | Maar wees gerus. *(Glimlag)* <u>Ek is hier om so 'n plan te fnuik</u>. |
| MIEM: | Hoe kan ons u bedank? |
| KONSTABEL: | Ag nee, Mevrou. Dit is my werk. |
| MIEM: | Dit is te ... afskuwelik. |
| KONSTABEL: | *(verbaas)* Wat, Mevrou? |
| MIEM: | Om te dink ... ons word bes moontlik - op hierdie oomblik - beloer en beluister. |
| GERTIE: | Deur een of meer persone. Met weerwraak in hulle harte. |
| MIEM: | En ... ek het alreeds soveel om te verduur. Alles word vir my ... te veel *(Kreun en laat haar kop in haar hande sak)* |

9.1 Na wie verwys Konstabel in reël 4? (1)

9.2 *Enigiets is moontlik.* (r. 6).
Noem TWEE dinge wat Konstabel in die drama doen wat hierdie stelling bewys. (2)

9.3 Lees reëls 1 – 10.

9.3.1 Haal EEN woord uit dié reëls aan wat by die DENOTATIEWE betekenis van die drama se titel aansluit en verduidelik hoe hierdie woord inpas by Miem en Meisie se poging om geld in te bring. (2)

9.3.2 Hoe kan die titel ook KONNOTATIEF in die drama gebruik word? (1)

9.4 Reëls 7 – 8: *Vir wat staan jy by die venster? Kom sit en maak jou sak klaar.* Hoekom hou Miem nie daarvan dat Meisie by die venster uitstaar nie? Bespreek hoe haar stemtoon haar rol in die drama ondersteun. Noem nog 'n voorbeeld uit die drama wat hierdie rol van Miem ondersteun. (3)

9.5 Wat probeer Konstabel met sy woorde in reëls 15 en 16 bereik? Dink jy hy slaag in sy doel? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

9.6 Watter stemming word deur Konstabel se onderstreepte woorde in reëls 21 en 22 geskep? Waarom kan dit as ironies gesien word? (2)

9.7 In reëls 30 – 31 is dit duidelik dat Miem emosioneel is. Het jy simpatie met haar? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

**[15]**

**EN**

**TEKS B**

KONSTABEL: *(staan op. Kwaad. Beweeg na die deur)* Ek sal gaan, Mevrou. *(Draai by die deur om en laat sy stok val)* Maar laat my asseblief net toe om my saak te stel. Ek wil nie so hier weggaan nie.

MIEM: *(nors)* Nou sê jou sê.

KONSTABEL: *(kwaad)* Dit is my werk! Ek is gewoond om vrae te vra. En ek is werklik bekommerd oor u veiligheid. Wat u ook al mag dink. Ek wou maar net uitvind ... of hier nog ’n deur is. Nog ’n plek om in te kom. Sodat ek in my pasoppens kan wees. Nou weet ek van alle gevare. Die deur kan maklik oopgebreek word ... Iemand kan daar insluip ... U man oor-rompel ... Afklim ... en voor ons weet, is hy ... of sy ... tussen ons.

GERTIE: O, Vader!

MIEM: Konstabel ... ek was miskien 'n bietjie haastig. Ek sien ... u dra tog ons belange op die hart. U moet my maar vergewe. Ek is ’n bietjie kort van draad. Dit kom van my ma se kant. Konstabel, sal u tog nie maar bly nie? Ons sal dit waardeer.

GERTIE EN MEISIE: Asseblief, Konstabel.

*Die KONSTABEL antwoord nie. Hy staan stil en staar voor hom uit.*

MIEM: *(oorvriendelik, na 'n stilte)* Vertel ons, Konstabel, het u ondervinding van sulke sake? Verdwynings, bedoel ek?

KONSTABEL: O ja, dit is waarvoor ek eintlik gebruik word. Vermiste persone.

MIEM: Werklik?

*MEISIE steek haar vinger raak. Sy trek haar asem in en suig haar vinger.*

9.8 Wat gee aanleiding tot Konstabel se ontsteltenis in reëls 1 – 4? (1)

9.9 Verduidelik hoe Konstabel se woorde in reëls 3 – 4 en reëls 6 – 13 onderskeidelik, as onheilspellend ervaar kan word. Watter karaktereienskap van Konstabel kan hieruit afgelei word? (3)

9.10 … *ek was miskien 'n bietjie haastig.*
Met hiérdie verskoning in reël 15 keer Miem dat Konstabel die huis verlaat. Bespreek die ironie van hierdie toneel. (1)

9.11 Miem gee die vermiste meisies se ouers die skuld vir hulle verdwynings. Watter woorde uit reëls 15 – 24 wys dat Miem graag skuld op ander mense pak en watter faset van Miem se karakter word deur haar woorde ontbloot? (2)

9.12 Waarna verwys Miem se vraag in reël 24 en hoe kan Konstabel se antwoord op hierdie vraag geïnterpreteer word? (2)

9.13 Watter karakter in die drama maak die meeste emosie in jou wakker, hetsy positief of negatief. Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: [25]**

**GROOTTOTAAL: [80]**

© SACAI KOPIEREG